*Control of fires*

15. No person shall kindle a fire in the bathing area without the prior permission of the local authority, which permission shall be subject to such terms and conditions as the local authority may deem fit to impose.

*Control of piers, groynes, etc.*

16. No person, other than an employee or servant of the local authority while on duty, shall enter upon any pier, groyne or other structure erected for the protection of the bathing area, except with the written permission of the local authority first had and obtained.

*Appointment of officials to ensure observance of regulations*

17. (a) The local authority may entrust one or more of its employees or servants with the duty of ensuring that these regulations are duly observed and of reporting any contravention thereof to a member of the South African Police Services or any other peace officer.

(b) Any person who obstructs or interferes with any such employee or servant of the local authority while lawfully engaged upon his/her duties in that regard shall be guilty of an offence.

*Fines to accrue to local authority*

18. Any fine recovered in respect of any offence committed under these regulations shall accrue to the local authority.

*Penalty*

19. Any person who contravenes any of these regulations or fails to comply with any provision thereof shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rands (R500) or to imprisonment not exceeding one year, or both such fine and such imprisonment.

14190

*Beheer oor vure*

15. Niemand mag binne die baaigebied vuurmaak sonder die voorafverkreë toestemming van die plaaslike owerheid nie, welke toestemming onderworpe is aan die bedinge en voorwaardes wat die plaaslike owerheid dienstig ag.

*Beheer oor piere, waterkerings, ens.*

16. Niemand, uitgesonderd 'n werknemer of 'n persoon in diens van die plaaslike owerheid terwyl hy/sy sodanige diens verrig, mag 'n pier, waterkering of ander struktuur wat vir die beskerming van die baaigebied opgerig is, betree nie, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid.

*Aanstelling van beamptes om te verseker dat regulasies nagekom word*

17. (a) Die plaaslike owerheid kan aan een of meer persone in sy diens die plig opdra om toe te sien dat hierdie regulasies behoorlik nagekom word en om enige oortreding daarvan by 'n vredesbeampte of lid van die Suid-Afrikaanse Polisiedienste aan te meld.

(b) Iemand wat enige sodanige persoon verhinder om sy/haar pligte in dié verband uit te voer, is aan 'n misdryf skuldig.

*Boetes kom die plaaslike owerheid toe*

18. Enige boete wat ingevorder word as gevolg van 'n misdryf wat ingevolge hierdie regulasies gepleeg is, val die plaaslike owerheid toe.

*Strafbepaling*

19. Iemand wat 'n bepaling van hierdie regulasies oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand (R500) of een jaar gevangenisstraf of beide sodanige boete en gevangenisstraf.

14190

## WINELANDS REGIONAL SERVICES COUNCIL:

### PROPOSED REZONING OF THE REMAINDER OF THE FARM DE GROOTTE ZALZE NO. 505, DE KLEINE ZALZE NO. 508 AND A PORTION OF THE FARM DE VLEIE NO. 507, AS WELL AS PORTION 3 OF THE CONSOLIDATED FARM NO. 510, DIVISION STELLENBOSCH

Notice is hereby given in terms of section 17(2) of Ordinance No. 15 of 1985 that an application has been received for the rezoning of portions of the remainder of the farms De Grootte Zalze No. 505, De Kleine Zalze No. 508 and a portion of the farm De Vleie No. 507, as well as Portion 3 of the consolidated Farm No. 510, Division Stellenbosch, from agricultural zone I to subdivisional area to accommodate the following zonings, namely agricultural zone II, resort zone II, residential zone V and open space zone II for purposes of a golf course, hotel, wine cellar, spa and holiday accommodation.

Full details of the application are available for inspection during office hours at the Council's offices at 46 Alexander Street, Stellenbosch.

Objections, if any, to the application must be submitted in writing to reach the undersigned on or before Monday, 6 May 1996. — Acting Chief Executive Officer, Regional Services Council Offices, 46 Alexander Street (P.O. Box 100), Stellenbosch 7600 (7599).

12 April 1996 V14708

## WYNLAND STREEKSDIENSTERAAD:

### VOORGESTELDE HERSONERING VAN DIE RESTANT VAN DIE PLAAS DE GROOTTE ZALZE NR. 505, DE KLEINE ZALZE NR. 508 EN GEDEELTE VAN DIE PLAAS DE VLEIE, SYNDE PLAAS NR 507, ASOOK GEDEELTE 3 VAN DIE GEKONSOLIDEERDE PLAAS NR. 510, AFDELING STELLENBOSCH

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 17(2) van Ordonnansie Nr. 15 van 1985 dat die Raad 'n aansoek ontvang het vir die hersonering van gedeeltes van die plase De Grootte Zalze Nr. 505, De Kleine Zalze Nr. 508, asook 'n gedeelte van die plaas De Vleie, synde Plaas Nr. 507 en Gedeelte 3 van die geskonsolideerde Plaas Nr. 510, Afdeling Stellenbosch, vanaf landbousone I na onderverdelingsgebied ten einde die volgende sonerings te akkommodeer, naamlik landbousone II, oordsone II, residensiële sone V en oopruimtesone II, vir doeleindes van 'n gholfbaan, hotel, wynkelder, spa en vakansie-akkommodasie.

Volledige besonderhede in verband met die aansoek is gedurende kantoorure ter insae by die kantore van die Raad te Alexanderstraat 46, Stellenbosch.

Besware, indien enige, teen die aansoek, moet skriftelik by die ondergetekende ingedien word voor of op Maandag, 6 Mei 1996. — Waarnemende Hoof-uitvoerende Beampte, Streeksdiensteraadkantore, Alexanderstraat 56 (Posbus 100), Stellenbosch 7600 (7599).

12 April 1996 V14708